# 'n Skip Verdwyn

deur

J. H. SNYMAN

STIL en rustig het Sondag 23 Junie 1669 aan Kaap die Goeie Hoop aangebreek. Alle werksaamhede is vir die dag gestaak, en soos aangeteken staan het dié dag soos alle ander Sondae aan die Suidpunt van Afrika rustig verbygegaan. Soos gewoonlik is die godsdiensoefening gehou, en die inwoners het stellig die dag deurgebring deur gesellig oor en weer te kuier en te gesels oor familiesake en hul daaglikse arbeid.

Die aand het daar egter 'n gebeurtenis voorgeval wat die hele volksplanting in rep en roer gehad het, wat vir baie maande die onderwerp van bespreking sou wees, en wat die Kaapse bewoners opnuut die gevaar van hul pioniersbestaan laat besef het . . .

Kommandeur Jacob Borghorst het rustig en vreedsaam met sy gesin die aandete genuttig. Terwyl die gesin nog om die tafel geskaar was, het die deur van die eetvertrek skielik met geweld oopgevlieg, en tot almal se ontsteltenis het 'n verdwaasde Abram Phoonse, boekhouer van die *Lepelaar* wat in die hawe voor anker gelê het, en twee matrose hulle verskyning gemaak met die nuus dat dié skip so pas deur drie bandiete met behulp van 'n paar skelms buitgemaak is. Die booswigte het die boot se ankertoue eenvoudig afgekap en met 'n opkomende suidoostewind die see ingevaar.

Phoonse het verduidelik dat die boosdoeners, Dirck Veen, 'n gedeporteerde stuurman, Gabriel Theuniszen en Thomas Hendricks van Oudewater, albei matrose, bygestaan deur die „galgvogels" Hendrik Claasen, Jan Frederickse de Ruyter, Eldert Christaense en Pieter Barentse van Lutienbroeck, die skuitjie waarmee die skipper van die *Lepelaar* aan land gegaan het, van die hawehoof gesteel en daarmee na die boot gevaar het. Aan boord het hulle die matrose meegedeel dat die skipper sou gesê het dat hy op land sou vernag, en dat hy hulle opdrag sou gegee het om intussen die boot vir die reis na Mauritius in gereedheid te bring. Vir hierdie doel is die matrose gestuur om touwerk uit die ruim van die skip te haal waar hulle sonder veel moeite oorrompel is. In die kajuit was opperstuurman Jan de Raat besig om die aandete met mede-offisiere te nuttig toe die booswigte ingebars kom en die groepie sonder teenstand gevange neem. Slegs Phoonse en die twee matrose by hom het daarin geslaag om te ontsnap deur oorboord te spring en met die roeibootjie aan land te gaan.

Groot konsternasie het in die Kommandeurswoning geheers toe Phoonse sy verhaal vertel het. Die ete was vergete en Borghorst het onmiddellik reëlings in die werk gestel om die boot terug te vind. Luitenant Johannes Coon en onderkoopman Jacob Granaat is dadelik met die „groote chiloup" ('n bootjie

wat vir plaaslike karweiwerk gebruik is) en wat met dertig „wel gemonteerde" soldate en matrose beman is, seewaarts ingestuur met bevel om die skelms in aller yl na te jaag. Word hulle gevind sal hulle as seerowers beskou word, en die straf aan hulle uitgemeet word wat diesulkes toekom.

Terselfdertyd het aan die hawe voor anker gelê 'n Engelse fregat, die *Jeanne Margerete*. Die kaptein, Robert Lord, was die kommandeur vriendelik gesind, en het op laasgenoemde se versoek om met die soektog behulpsaam te wees, geredelik toegestem. Dieselfde nag nog het die skip met fiskaal Cornelis de Cretser aan boord vertrek.

Strenge voorsorgsmaatreëls is getref om verdere muitery te voorkom. 'n Patrolliediens is ingestel en 'n sterk wag om die fort opgestel wat persone slegs een-een kon binnelaat wat in besit was van 'n toelatingsbrief onderteken deur koopman Abram Zeeuw en onderkoopman George Frederick Wreeden.

Die volgende oggend vroeg is twee Kompanjiedienare en twee vryburgers, Elbert Diemer en Hendrik van Suerwaarden, na Houtbaai gestuur om die inwoners aldaar van die „skandelike verraad" te verwittig en om, indien die skelms hulle daar bevind, hul met behulp van die plaaslike inwoners te oorweldig en lewendig of dood aan die owerheid uit te lewer.

Met dieselfde doel voor oë is sersant Jeronimus Croese en Daniel Hecht met vier Hottentotte na Saldanhabaai gestuur om ook daar te waarsku, en die booswigte met „lis of geweld" te oorweldig indien hulle hul verskyning aldaar mog maak.

Teen die middag het fiskaal De Cretser teruggekeer en gerapporteer dat die *Lepelaar* sonder enige sukses met twee bootjies van die *Jeanne Margerete* agtervolg is. Tafelbaai is kruis en dwars deursoek en dit was die plan om op Robbeneiland te oornag met die doel om die *Lepelaar* te oormeester indien dit daar sou aandoen. Weens die gevaar van die onstuimige see en die donker is egter besluit om na die *Jeanne Margerete* terug te keer wat weens die duisternis egter nie gevind kon word nie, met die gevolg dat De Cretser en diegene by hom die nag vrugteloos op 'n oop bootjie moes deurbring.

Ook Johannes Coon en Jacob Granaat het gedurende die dag teruggekeer met berig dat hulle Tafelbaai die vorige nag deeglik deursoek het, en ook Robbeneiland aangedoen het, dog tot hul „aller droefheyt" die *Lepelaar* nêrens kon vind nie. Die aand het die twee vryburgers van Houtbaai teruggekeer en moes ook tot die Kommandeur se leedwese rapporteer dat hulle nie die minste teken van die skelmagtig gesteelde boot gewaar het nie.

Op Dinsdag 25 Junie het Borghorst die Politieke Raad byeengeroep. In die harte van die raadslede was daar groot ontsteltenis en verslaenheid. Daar is naamlik gevrees dat die ontsnapte bandiete hulle van die Kompanjie se eilande kon meester maak, en so die „paelen der vrijheijt" kon bedreig. Daar is dus besluit om korporaal Hans Cock en vyf soldate met die *Bruijdegom* na Dasseneiland te stuur om die Kompanjie se vee aldaar te beskerm, en om ingeval die *Lepelaar* daar aandoen, dit te oorrompel en terug te bring. As prysgeld is op die skip 600 riksdaalders, en op die hoof van Dirck Veen, synde die „principaelsten schelm", lewend of dood, 300 riksdaalders geplaas.

Omdat dit ook moontlik kon wees dat die *Lepelaar* sy koers na Mauritius kon gewend het en, onder skyn van vriendskap die besettelinge aldaar kon oorrompel het en hulle so van die eiland kon meester maak, of so nie die ebbehout aldaar kon wegvoer, is besluit om een van die eerste skepe wat uit die vaderland arriveer daarheen te stuur om hierdie onheile te voorkom, en tot „gerustheijt van onse concientie".

Teen die middel van Julie het egter nog geen skepe uit Holland of Batavia wat met die soektog kon help opgedaag nie, en die Politieke Raad het gevolglik besluit om, aangesien die moesonwinde aan die verbygaan is, as 'n noodgeval 'n vervalle galjot, die *Voerman*, na Mauritius te stuur. Dit was egter nie voor die 5de Augustus dat die bootjie onder aanvoering van George Frederick Wreeden kon vertrek nie. Tot blydskap van almal het die skippie op 9 Desember behoue teruggekeer met berig dat dit op Mauritius nog stil en rustig aan toegaan, en dat die booswigte nie, soos gevrees is, hul opwagting daar gemaak het nie.

Intussen is ook van Saldanhabaai berig ontvang dat alles ook daar in goeie orde verkeer, en dat die *Lepelaar* nie daar gewaar is nie.

Afgesien van al hierdie pogings om die *Lepelaar* op te spoor, en om die Kompanjie se besittings te beveilig, is ook alle pogings in die werk gestel om plaaslik meer inligting te verkry ten opsigte van die oogmerke van die ontsnapte bandiete, of om medepligtiges aan die man te bring. Op die oggend van 30 Junie, 'n week na die ramp, is Johannes Coon en Jacob Granaat na Houtbaai gestuur om daar noukeurig ondersoek in te stel aangesien die drie bandiete daar as houtkappers diens gedoen het. Geen enkele medepligtige kon gevind word nie. Die baashoutkapper en ene Christiaan Christiaanse, onder wie se toesig die bandiete geplaas was, is egter vir ondervraging aangehou. Ook die bemanningslede van die *Lepelaar* wat tydens sy verdwyning aan land was, is sonder sukses aan gedurige ondervraging onderwerp. Selfs die Kommandeur het hulle op 12 Julie in eie persoon „scherpelyck ondersocht en g'examineert". Hulle het hul egter op die toestemming van die skipper beroep om aan land te gaan. Borghorst het ene Pieterse egter van medepligtigheid verdink en hom in kettings laat slaan. Vir ses maande moes Pieterse hierdie vernedering verduur en dit was nie voor 26 Februarie 1670 dat hy by wyse van 'n Breëraadsbesluit van die „skandelike ysters" verlos, en van alle blaam vrygespreek is nie. Ook is bepaal dat sy loon vir die tyd wat hy in kettings deurgebring het, aan hom vergoed moes word.

So dan het 'n skip uit Tafelbaai verdwyn sonder dat ooit enige spoor daarvan gevind is. Slegs die skip se ankers is uit die see gevis. Wat uiteindelik van die skip geword het, kan mens alleen gis. Miskien het dit iewers langs die kus van Afrika op die rotse geloop, miskien het dit die diep see ingevaar en daar die prooi van seerowers geword. Dit is maar slegs nog 'n geheim uit ons romantiese verlede wat nog steeds deur die onmeetlike oseane bewaar word.